Afspraak met moord.indd 1 10/02/2020 10:00:32

Afspraak met moord.indd 2 10/02/2020 10:00:32

Afspraak met moord

In die kake van die Krugersdorp-kultus

Jana Marx

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

Afspraak met moord.indd 3 10/02/2020 10:00:32

© Teks: Jana Marx 2020
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 12 op 16.5 pt Adobe Caslon Pro
deur LAPA Uitgewers
Opdraggewende redakteur: Marida Fitzpatrick
Teksredakteur: Willem Kempen
Omslagontwerp: Ian Dennewill
Voorbladfoto's: GALLO IMAGES/GETTY IMAGES
Gedruk en gebind deur Novus Print,
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2020

ISBN 978-0-7993-9600-3 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-9601-0 (ePub)
ISBN 978-0-7993-9602-7 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Aan elke slagoffer wat so wreed in die Krugersdorpmoorde gesterf het, en aan elke sleutelgetuie wat so dapper en vreesloos getuig het.

Afspraak met moord.indd 5 10/02/2020 10:00:32

Inhoud

Die moordenaars vi
Die slagoffers vii

1. Baasbrein Cecilia Steyn pleit onskuldig 1
2. Só het alles begin 9
3. Cecilia se veelvuldige persoonlikhede 34
4. Ken jou vyand 41
5. Uitverkies deur Cecilia 66
6. Petrolbomme en vrees: Dis oorlog! 77
7. Die eerste twee wraakmoorde 93
8. 'n Pastoor sterf 109
9. Mikeila wil die groep verlaat 125
10. Ria se seun in Cecilia se visier 147
11. Electus per Deus lê laag 164
12. 'n Egpaar sterf vir R700 169
13. Iemand moet in Zak se plek sterf 187
14. Die polisie is warm op die spoor 203
15. Polisse en tiendes 206
16. Van Vlakplaas na Kia Kaha 214
17. 'n Professionele afspraak word moord 218
18. Sy heel laaste afspraak 229
19. "Moor of ek skiet jou" 234
20. Die polisie maak 'n deurbraak 241
21. Staan in die hof! 261
22. Was daar nóg moorde? 272

Bronnelys 274

Afspraak met moord.indd 6 10/02/2020 10:00:32

Afspraak met moord.indd 7 10/02/2020 10:00:32

Die moordenaars

Marinda Steyn

Cecilia Steyn

Le Roux Steyn

Marcel Steyn

John Barnard

Zak Valentine

Die slagoffers

Natacha Burger
26 Julie 2012,
Centurion

Joy Boonzaier
26 Julie 2012,
Centurion

Past. Reg Bendixen
13 Augustus 2012,
Randburg

Mikeila Valentine
4 Oktober 2012,
Ruimsig

Peter en Joan Meyer
27 November 2015,
Krugersdorp

Jarod Jackson
16 Desember 2015,
Naby Petrus Steyn

Glen McGregor
27 Januarie 2016,
Randfontein

Anthony Scholefield
10 Mei 2016,
Krugersdorp

Kevin Mc Alpine
26 Mei 2016,
Krugersdorp

Hanlé Lategan
30 Mei 2016,
Krugersdorp

Afspraak met moord.indd 10 10/02/2020 10:00:32

1

Baasbrein Cecilia Steyn pleit onskuldig

Klik-klak, klik-klak kap die voetboeie teen die betontrappe wat uit die selle lei. Die 37-jarige Cecilia Steyn en twee van haar makkers skuifel by die beskuldigdebank in die hooggeregshof in Johannesburg in.[1]

Dis Dinsdag 9 Oktober 2018 en die hof is stampvol. Joernaliste sit gereed met skootrekenaars en notaboeke, nuusfotograwe en kameramanne skarrel om die beste hoek van die drie beskuldigdes te kry. Familie en vriende van die moordslagoffers en lede van die publiek is almal hier om geregtigheid te sien gebeur.

"Bliksems!" sê iemand kliphard uit die openbare galery. "Brand in die hel!" voeg 'n ander stem by.

Cecilia steur haar nie aan die uitroepe nie. Sy gesels en maak grappies met die kaalkopman en jong meisie langs haar terwyl almal in die hof vir die regter wag.

Cecilia is die baasbrein agter 11 van die land se opspraakwekkendste moorde: Die "Afspraakmoorde" of die "Krugersdorpmoorde", soos die media dié grusame moordtog gedoop het. Die staat voer aan Cecilia en haar medebeskuldigdes is lede van

'n bisarre Krugersdorpse rampokkeronderneming wat 11 mense koelbloedig vir geld en persoonlike gewin vermoor het.

Cecilia se bende het al die elemente van 'n kultus gehad. Die eerste moorde het "geestelike-" of "wraakmotiewe" gehad, maar later was dit net vir geld, vir so min as 'n paar honderd rand.

Cecilia, die leier, se yl hare staan in kort, pikswart pennetjies regop op haar kop. Haar kopvel skyn deur. Sy loer onderlangs na die fotograwe wie se lang lense almal in haar rigting wys. 'n Eenvoudige silwer-oorringetjie hang in elke oor. Om haar nek hang 'n Keltiese simbool – die sogenaamde Trinity-knoop, wat uit 500 v.C. dateer. Christene verstaan dit soms as 'n simbool vir die Heilige Drie-eenheid.[2]

Dis koel in die hof, al is dit hoogsomer buite. 'n Jong vrou skuif agter die drie beskuldigdes in die openbare galery in: Kezia Mc Alpine. Haar man, die 29-jarige Kevin Mc Alpine, 'n makelaar, is in een van die afspraakmoorde vir R1 300 verwurg. Die moordenaars het 'n professionele afspraak met hom gemaak. Hy was onder die indruk dat hulle finansiële advies wou hê. Kezia maak nou die Mc Alpines se driejarige seuntjie alleen groot.

Sy groet vir Ferdé de Witt, die broer van 'n ander slagoffer, Hanlé Lategan, 'n 52-jarige eiendomsagent. Hanlé was onder die indruk dat sy die moordenaars 'n eiendom gaan wys toe sy koelbloedig vermoor en langs 'n grondpad in 'n bos gelaat is waar skoolkinders op haar lyk afgekom het. Vir R3 000 en haar selfoon, horlosie en trouring.

Agter in die openbare galery sit Nina Scott-Dawkins. Die groep het haar pa en ma, Peter en Joan Meyer, vir R700 in hul huis vermoor. Nina moes noodgedwonge die familiebesigheid oorneem.

Die slagoffers sluit ook in 'n prokureur en 'n pastoor – gewone mense wat vir gewone sakeafsprake opgedaag het sonder om te weet die afspraak is eintlik met die dood.

Op die oog af is die lede van die groep moordenaars, ook die wat al gevonnis is ook, alledaags: Afrikaanssprekende Krugersdorpers met gerespekteerde beroepe, soos 'n Engels-onderwyseres, 'n aktuaris en

Afspraak met moord.indd 2 10/02/2020 10:00:33

selfs twee jongmense waarvan die een net nou die dag nog ses onderskeidings in matriek behaal het en selfs voorlopig vir medies by 'n universiteit gekeur is.[i] Dié slimkop se eie ma het 'n stokkie voor haar toekomsdrome gesteek. Sy moes liewer moord pleeg.

Die wrede moorde het skokgolwe deur die land gestuur. Hoe kan 'n groep reeksmoordenaars vir vier jaar met die een gru-moord ná die ander wegkom sonder om vasgetrek te word? Hoe kon een vrou vyf skynbaar opgevoede, toerekeningsvatbare mense manipuleer om 11 mense koelbloedig te vermoor?

"Staan in die hof!" sê die hofordonnans, en regter Ellem Jacob Francis stap in.

Adv. Gerrit Roberts SC, hoofaanklaer, staan gereed om die aanklagte aan Cecilia en haar makkers te stel.

11 moorde. Rampokkery. Die bedryf – nee, die baasbrein – van 'n rampokkeronderneming. Roof met verswarende omstandighede. Bedrog. Identiteitsdiefstal. Nóg bedrog … 32 aanklagte.

"Hoewel sy nie fisiek teenwoordig was op die tonele gedurende die verskeie moorde nie, was dit op haar aandrang dat die misdrywe gepleeg is en met haar volledige kennis daarvan," sê adv. Roberts aan die hof.

"Sy was verder die ontvanger van die meeste van die geld wat deur hul misdadige aktiwiteite bekom is."[3]

"Hoe pleit jy?" vra die regter vir Cecilia ná elke aanklag wat aan haar gestel word.

"Onskuldig," antwoord sy keer op keer in Engels.

Met elke aanklag trek sy haar wenkbroue effens op asof sy verras is deur wat aan haar gestel word. Sy kyk die regter stip in die oë en antwoord ferm. Sy praat nie baie hard nie, maar selfvertroue straal uit haar uit.

Glo sy in haar eie onskuld? Of is dit maar net weer die meesterlike manipulasietegnieke wat sy oor jare aan die dag gelê het?

Iemand in die openbare galery gaan hoorbaar aan die snik.

---

i Gesprek met Marcel Steyn in 'n pouse terwyl sy getuig het.

Sewe maande ná daardie dag in die hof staan Cecilia se 63-jarige ouers, Piet en Mara Brand, voor die kleinhoewe se motorhuis in Randfontein en braai. Dis Vrydagmiddag 3 Mei 2019[4], tien dae voordat hul dogter se moordverhoor voortgaan.

Die kleinhoewe digby die Highway Kafee in Randfontein is met palissade omhein. Piet waai vir die bure wat op die grondpad verbyry terwyl hy die hek na die lang oprit vir my oopmaak.

"Jammer dat ek vroeër vandag gekanselleer het, as dit pap reën, moet ons skep, verstaan," sê hy effens verleë. Hy lyk gemaklik in 'n gholfhemp en 'n sweetpakbroek.

Piet, nou afgetree nadat hy vir jare as elektrisiën op Goldfields- en ander Westonaria-goudmyne gewerk het, doen deesdae los werkies om hom en sy vrou aan die lewe te hou. Dié inkomste deel hy soms met die mense wat vir hulle losies op die kleinhoewe gee.

"Vandag het ek R17 000 gemaak, waarvan ek die helfte kon hou," sê hy – dié dat hulle vanaand 'n vleisie kan braai.

"Dit gaan maar swaar. Nadat my meisiekind in hegtenis geneem is, het ons alles verloor. Ons het 'n besigheid gehad. Dit het baie goed gegaan, maar die Valke het ons rekeninge gevries," sê Piet.

Hulle woon nou al drie jaar op hierdie kleinhoewe.

"Ons bly hier in 'n kamer in die huis. Dis eintlik húlle huis," sê Mara en wys in die rigting van die man wat 'n paar meter weg staan en met 'n jong seun praat. "Hierdie dubbelmotorhuis is ons sitkamer."

"Gaan kry vir die meisiekind 'n stoel daar binne," sê sy vir haar man, en gaan sit dan op haar eie draadstoel. Sy steek onmiddellik 'n sigaret aan.

Wit pleister skilfer plek-plek van die huis se mure af.

Die huiseienaars se kinders hardloop saam met die twee honde op die groot grasperk rond, totdat hul ouers hulle na die motor toe aanjaag en ry.

Piet eet 'n skaaptjoppie van die braaier af. Die skemerherfsaand word koel, maar dit pla die Brands oënskynlik nie. Albei lyk baie

Afspraak met moord.indd 4 10/02/2020 10:00:33

ouer as die vroeë 60's wat hulle is. Mara se grys hare hang op haar skouers. Cecilia het haar pa se neus en oë geërf.

"Ons kan nie eens winkel toe gaan nie. Ons moet mense vra om namens ons inkopies te doen. Ons kan ook nie hof toe gaan nie, hulle vloek en spoeg op ons," sê Mara.

"Poppie het ook troeteldiere gehad. Haar haas se naam was Gizmo en sy het oor die jare by die huis seker nege of tien katte gehad. Sy was baie lief vir so 'n swart kat wat ek by die substasie op Ventersdorp opgetel het. Ek kan nie sy naam onthou nie," vertel Piet. Cecilia se oorlede oupa het haar "Poppie" genoem en die naam het maar gebly, verduidelik hy.

Mara het Cecilia op 1 April 2019 vir die eerste keer sedert haar inhegtenisneming in 2016 gesien. "Dit was my verjaarsdag. Maar net ek was daar, sy wou nie haar pa sien nie."

"Ja," sê Piet, "Poppie is mos kwaad vir my …"

"Aan die begin het sy gedink dis ek en Piet wat haar laat toesluit het," verduidelik Mara.

Cecilia is volgens haar pa nou al jare vir hom kwaad.

"In 2011 of 2012 rond wou ek die kinders by haar en Dries (Cecilia se man) laat wegneem het. Sy is ook kwaad want mense het haar vertel ek beskuldig haar of dink sy is skuldig," sê Piet. Cecilia se kinders is vanjaar al albei tieners.

Mara steek haar tweede sigaret op.

Die egpaar is vanjaar 40 jaar getroud. Louisa, Mara se kind uit 'n eerste huwelik, was vier jaar oud toe hulle getroud is.

Hulle was vroeg in hul 20's toe Mara swanger geword het met 'n tweeling, waarvan Cecilia een was. Hulle het toe op Harrismith gewoon. Piet het vir die Departement van Waterwese by Sterkfonteindam gewerk. Mara het op 22 Desember 1980 in die hospitaal op Harrismith aan Cecilia geboorte gegee. Cecilia se tweelingbroer is volgens Mara dood voor geboorte.

"Ons was ook daar in die NG kerk Harrismith. Ek is 'n diep gelowige," vertel Piet. Hy verduidelik dan hy was nog nooit 'n groot

drinker nie, maar het wel vroeër jare dagga gerook. "Toe ek 24 slaan, toe is al my groot oortredings verby," sê hy trots.

Cecilia was nog nie in die skool nie toe die Brand-gesin vir 'n kort ruk na Tweeling in die Vrystaat verhuis het. Piet het hier elektriese werk vir die munisipaliteit gedoen. Toe Louisa hoërskool toe moes gaan, het haar ouers haar na die Hoërskool Petrus Steyn in die Vrystaatse dorpie met dieselfde naam gestuur. Sy was daar in die koshuis.

"Poppie was in graad een en het gehuil oor haar suster. Ons het vir haar gesê sy moet net wag tot graad twee, dan kan sy ook koshuis toe gaan."

Piet onthou klein Cecilia se lang blonde-bruin hare "wat op haar kruis gehang het". Dis moeilik om die haardos te glo as jy na die yl klossies hare kyk wat deesdae uit haar kop groei.

"Sy was 'n gesonde kind. Sy het nog altyd met asma gesukkel, maar daar was nie ander probleme nie," sê Piet.

Piet het later werk gekry by die goudmyne in Westonaria in die weste van Gauteng. Ná twee jaar in die koshuis op Petrus Steyn het die Brands hul dogters na skole in Westonaria oorgeplaas.

Die gesin het eers in Hillshaven, Westonaria, gewoon en later na die sogenaamde "Waterpan-plotte" getrek.

Hier was hulle toegewyde lidmate van die AGS-kerk en Cecilia was elke Sondag by die Sondagskoolklas, sê haar pa.

"Sy was 'n begaafde kind en het 'n ryk verbeelding gehad. Sy het atletiek op skool gehardloop – hekkies en aflos. Sy het ook baie gehou van boomklim. Sy moes altyd van hoë goed afspring," onthou Piet sy waaghals-dogter.

Maatjies?

Nee, sy het nie maatjies gehad nie, sê haar ouers. "Sy het op 'n klipmurasie in die veld by die Waterpan-plotte geboer. Hier het sy spinnekoppe en eenmaal selfs 'n slang probeer vang."

Sy en haar suster het blykbaar goed oor die weg gekom. Die gesin het nie weggegaan met vakansies nie. Piet was volgens sy vrou getroud met sy werk.

"C (Cecilia se ander noemnaam) was nie soos ander dogtertjies nie," vertel Mara. "Jy moenie vir haar 'n pop gee nie. Gee vir haar plastiekgewere of propgewere. Sy haat nog altyd 'n rok," sê Mara.

"Sy is 'n *lesbian*," sê Piet.

"Nee, sy is nie," kap Mara.

"Sy het (later) verhoudings met haar vriendinne gehad. My vrou wil dit nie glo nie, maar dis waar," sê Piet.

Hy onthou sy was maar van kleins af "'n bakleierige kind". "Sy sou nooit gaan moeilikheid soek het nie, maar as jy haar moeilikheid gee, sal sy haarself verdedig. Sy is nie bang nie," sê hy.

Hy vertel dat Cecilia skaars agt of nege jaar oud was toe die koshuisvader in Petrus Steyn hom bel. "Hy het my gebel en gesê my kind het die ruit van 'n bottelstoor uitgegooi. Ek het eers gedog hy lieg, maar dis hoe sy is. Moenie haar uitdaag nie. Sy het ook 'n BMW se ligte uitgegooi. As jy haar uitdaag, gaan sy iets doen. Sy kry dit by my, ek is ook so," vertel Piet.

"Mense dink hulle kan oor my loop omdat ek polio in my een been het. Moenie my uitdaag om iets te doen en dink jy gaan oor my loop nie."

Cecilia is in graad nege uit die Hoërskool Westonaria geskors. Sy was 14 jaar oud. Volgens die polisie was dit omdat sy met die okkulte deurmekaar geraak het.[5]

Haar ouers glo haar "betrokkenheid" by satanisme is 'n klugspul, hoewel hulle die dag soos gister onthou.

"Piet se broer is dood en ons is na die begrafnis," vertel Mara. "C het by Louisa se skoonouers gaan oorbly. Toe ons terugkom, het hulle gesê ons moet ons huissleutel by die polisiekantoor gaan haal, want sy was die vorige nag die koppies in. Ons is toe na die polisiekantoor toe wat gesê het my kind is betrokke by satanisme. Hulle het my huis gaan deursoek."

Die polisie het 'n verslag aan die skool gestuur en Cecilia is geskors.

Dat Cecilia graag soos 'n goth aangetrek het, het nie haar saak bevorder nie.[6]

Afspraak met moord.indd 7 10/02/2020 10:00:33

Mara het die geskorste 14-jarige toe by die Hoërskool Ventersdorp probeer inskryf, maar die polisieverslag het Cecilia soos 'n stertjie gevolg. Sy was skaars in die skool toe die hoof Mara bel en vra sy moet haar kind kom haal, voordat hulle haar skors.

Haar dae van skoolgaan was verby.[ii]

Cecilia het blykbaar in 1996 in Westonaria tot bekering gekom. Sy en haar gesin was lidmate van die Full Gospel Church in Westonaria.[7]

Sy het ook bevryding in dié kerk deurgegaan – 'n geestelike praktyk waar vloeke gebreek en demone uitgedryf word. Sy is daarna glo gedoop.

Het hul dogter die moordplanne uitgedink?

"Nooit!" sê Mara. "Die polisie het 'n prentjie van 'Cecilia die baasbrein', maar hulle is verkeerd. As sy sê sy het nie geweet nie, het sy nie geweet nie. Ek weet wanneer my kind lieg …"

Maar Piet is nie so seker nie.[8]

ii Haar vriende het getuig sy het vir hulle vertel sy het die skool uit haar eie verlaat omdat sy in graad nege reeds matriek geskryf het. Cecilia self het egter in die hof ontken dat sy matriek geskryf het en bevestig dat sy in graad nege uit die skool is.

Afspraak met moord.indd 8 10/02/2020 10:00:33